



MONTAGU

LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / PO. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: montltes@talkomsa.net

3 Augustus 2021

OB 23-2021: Algemene ouerbrief

Beste Ouers

Baie dankie vir al die verjaarsdagboodskappe en geskenke wat ek ontvang het. Dit laat werklik 'n warm gevoel in 'n mens se hart.

Ons is bekommerd oor die toename in Covid-19 gevalle in die dorp. My, die personeel, die beheerliggaam en u as ouers se **prioriteit met die skool moet nou wees om die skool oop te hou**, ter wille van die akademie van die leerders.

- **Ons moet asb. Covid veiligheidsmaatreëls te alle tye handhaaf.**
- Ons tref maatreëls in die skool, maar ek en u as ouers, moet ook daarop let dat ons kinders buite die skool verantwoordelik optree.
- Ons bly nie in 'n kokon nie en die lewe moet aangaan, maar ons moet nou versigtig wees.
- **Indien iemand in die huis vermoed hy/sy kan Covid-positief wees, moet u kind by die huis bly en isoleer, totdat u 'n negatiewe uitslag gekry het.**
- **Moet asb. nie u kind skool toe stuur, indien daar enige vermoede is dat iemand in die gesin positief kan wees nie.**
- **U moet asb. ook die skool in kennis stel, indien u kind afwesig is.**
- Dit is belangrik dat kinders skool bywoon, maar ons moet nou dink aan die groter prentjie en voorkom dat 'n klomp kinders in die skool moontlik aansteek.
- Die beheerliggaam het daarom besluit dat daar vir die volgende 2 weke nog geen sport- of kulturele aktiwiteite sal plaasvind nie. Ons wil graag weer begin met ons buitemuurse aktiwiteite so gou as wat dit veilig is in ons omstandighede.
- Baie dankie vir u begrip en samewerking.

LAPA Boekuitstalling:

Op 31 Aug en 1 Sept (Dins & Woens) kom LAPA-uitgewers se verteenwoordiger ons skool besoek om hul nuutste boeke vir groot en klein ten toon te stel.

Ons nooi u hartlik uit om te kom inloer; bring u beursie saam en maak 'n kinderhart bly met 'n lekkerlees boek!

Ons is besig om die onkruid op die sportveld te behandel. Ons sal binnekort weer kan sny en verder netjies maak. Die SBL het voor die vakansie baie moeite gedoen met ekstra kunsmis gee en die nagaan van die besproeiingstelsel. Na die kunsmistoediening, goeie reën en behandeling van onkruid, sien ons uit na 'n mooi sportveld binne die volgende paar weke.

My beste wense aan u vir die week.

Jan Krüger
Skoolhoof



Geborg deur:

